DIE KLINIES PASTORALE VORMING IN NEDERLAND EN VOORSTELLE VIR SUID-AFRIKA

PROF. DR W. J. DE KLERK

Dié referaat bied die bevindinge van 'n studieprojek wat onderneem is in Nederland gedurende 1969.

A. AGTERGRONDSORIËNTERING

Die krisisbesef in Nederland oor kerk en pastoraat hou verband met die volgende:

1. Die moderne kultuurgestalt

Die kultuurgestalt van die Westerse wêreld in die 20ste eeu het 'n ontwikkeling deurgemaak van 'n Agrariese maatskappy via 'n burgerlike maatskappy na 'n hoogindustriële maatskappy.

In hierdie industriële kultuurgestalt val die klem op die volgende tendense wat verband hou met die pastorale identiteitskrisis:

Die desakralisasie van die lewe met 'n sterk klem op immanentisme i.p.v. vertikalisme.

Demokratisering en antipaternalisme.

Funksionaliteit.

Ideologiese pluralisme.

Teen hierdie agtergrond kan die krisis van die pastorale identiteit vandag begryp word.

Die historiese gestalte van die Christendom, die kerk en die pastor is die sakrale, paternalistiese, ampsteologiese en ideologies-absolutistiese struktuur.

Dit is hierdie struktuur wat aan die pastor sy identiteit gee. Sy hisoriese identiteit wat hy vandag nog aan vashou is:

Verteenwoordiger van God te wees — Vandag word die antipaternalisme ook op God geprojekteer en **vervaag die Godsbeeld** en daarmee ook die **pastorsbeeld.**

Bedienaar te wees van die vertikale dinge — Vandag kry die **metafisika alhoeminder plek** in die belewingswêreld en daarmee vervaag ook die **funksie van die pastor.**

Die man van gesag te wees, kragtens sy amp en die inhoud van sy bediening en die sekere hierargie wat hy beklee in die geestelike dinge — vandag word die **antipaternalisme** en **demokratisering** die instelling en daarmee verdwyn die pastor as gesagsfiguur. Sy identiteit is baie nou verbonde met sy gesag.

Die man van die amp te wees — Vandag word status nie aan amp gemeet nie. **Beroepsprestige is afhanklik van beroepsprestasie.** Daarmee kom die identiteit van die pastor ook in gedrang want ampsprestige is veelal nog die laaste vesting waarin die pastor terugval.

Die man van die absolute te wees in sy norme op die verskillende lewensterreine waar hy 'n wit/swart skema hanteer — Vandag is die lewensgevoel dié van ideologiese pluralisme en subjektiwisme (Daurreflexion) wat wegbreek van die objektiewe en absolute. Daardeur is sy identiteit ook in gedrang.

2. **Die gemeentepatroon**

Die domineesamp vervreem alhoemeer van die sosiale werklikheid. Die samelewingsgeheel in sy heterogeniteit onttrek hom aan die dierekte ervaring en word alhoemeer 'n abstraksie.

Die industriële maatskappy het die volgende gebring: Die mobiliteit van die verstedelikte mens met sy pluriforme en kortstondige bindinge en relasies. Dit maak die geïndustraliseerde mens ongrypbaar.

Die gekompliseerdheid van die moderne samelewing met sy verskeidenheid van mense, sektore en sfere. Die sleutelwoorde hier is: pluriformiteit, differensiasie, spesialisasie.

Daarom word dit al hoe moeiliker om die verskillende mense en kategorieë in een gemeente-verband saam te bring en aan te spreek. Daarby kom dat bepaalde maatskaplike situasies, veral veroorsaak deur die industrialisasieproses vir die pastor vreemd, onoorsigtelik en bedreigend is. Dit alles resulteer in 'n identiteitskrisis vir die pastor.

3. **Die kommunikasiestoornis tussen kerk en wêreld**

Vanuit die teologie is daar 'n universele gerigtheid van die domineesamp op die wêreld. Die kerk moet sy boodskap **oordra**. Dit vra 'n **solidariteitsinstelling** wat in polêre spannig staan tot die **antitese instelling.** Deur die oorbeklemtoning van die laaste in die kerklike tradisie kom daar 'n kommunikasiestoornis wat magteloosheidsgevoelens laat ontstaan.

Daarby kom die vervreemding van die werklikheidsfere (vgl. pt. 2) — die pastor, ook a.g.v. sy sakrale omsluiering verloor kontak met die aktualiteite van die moderne eksistensiële lewensvrae en slaag dan nie daarin om in sy prediking, kategese en pastoraat kommunikasie te bewerkstellig nie.

Sodoende word die pastor alhoemeer 'n vreemde eensame figuur. Rolvervaging tree in en dit lei op sy beurt tot die identiteitskrisis.

4. **Die bedreiging van ander spesialismes**

Psigoterapie is die religie van ons tyd. Dit is gerg oip die gewone probleme van die normale mens — 'n terrein wat vroeër alleen die pastor s'n was, word nou konkurerend oorgeneem.

Hierdie 4 faktore lei dan tot die pastorale identiteitskrisis wat **gemanifesteer** word in die volgende.

Baie moderne pastores slinger tussen veramptelikíng en amateurisme.

Die besef van die verlies van pastorale status vind sy neerslag in onsekerheidsgevoelens en minderwaardigheidsgevoelens wat lei tot allerlei tipiese predikantskompensasie w.o. outoritatiwisme of permissiwiteit wat soos 'n visieuse sirkel sy bediening al hoe minder laat slaag.

Die rolonsekerheid van die pastor lei tot 'n ongestruktureerde luk-raak bediening en rolverwarring.

Gebrek aan waardering, min sukses en resultaat gee gevoelens van onmag en mislukking wat op hulle beurt kan lei tot gebrek aan produktiwiteit, 'n krisis in die geloofslewe van die predikant, skuldgevoelens, aggressiegevoelens, terugtrekking en isolasie ens.

B. NUWE KANALE OM HIERDIE KRISIS TE HANTEER EN TE OORWIN

1. **'n Veranderde gemeentestruktuur**

(i) Uitgangspunt bly dat die gemeente 'n territoriaal afgebakende werkterrein moet bly, maar dan gedesentraliseerd in òf verskillende kategoriale groepe òf verskillende funksionele groepe.

(ii) Die predikante sal as span moet werk òf die werk verdeel in bepaalde sektore òf in bepaalde fasette. Bv. Gemeente toerusting (vormingswerk), siekesorg, bejaarde sorg, jeugsorg ens. Òf spesialisme binne die een gemeente in industrie-pastoraat, intellektuele pastoraat ens. Die opset moet dus probleemgesentreerd wees.

(iii) Koördinasie van die werk deur 'n deskundige kerkraad wat, afgesien van godsdienstige keuring, ook vakkundiges verteenwoordig veral op die verskillende terreine van die groepswerk.

Hierdeur ontstaan dan 'n pluriforme gemeente met allerlei vorme van samesyn, kontak en aktiwiteit terwyl die eenheid tog in die gemeenskaplike erediens vasgehou word.

2. **'n Veranderde opleiding en skoling van die pastor**

(a) **Kritiek teen die ou patroon van opleiding**

Die huidige opleiding is afgestem op 'n ander kerklike en kultuursituasie en pastorale rol nl. dié van die 19de eeu. Intussen het die kultuur- en kerkpatrone só verander dat die pastor nie volledig toegerus is vir die situasie nie.

In die huidige opleiding is die voorbereiding op die praktyk van die pastoraat teoreties en prakties onvoldoende; die opleiding tot wetenskaplike kennis van of besinning op die kultuur, die maatskappy en die kontemporêre mens is minimaal. Die Kultuurfilosofie, Sosiologie en Psigologie is weinig geintegreer in die opleiding.

Die huidige opleiding is gerig op die aankweek van intellektuele deskundigheid, terwyl die praktyk van die pastoraat naas die intellektuele deskundigheid, ook besondere sensitiwiteit in die kommunikasie vereis. Die huidige opleiding kweek 'n habitus van aktiewe-outoriteit, terwyl die ervaring geleer het dat die habitus van luisterend-skynbaar-passief-met-die-ander-te-wees die kern van die pastoraat is.

Die huidige opleiding beklemtoon nie die funksionaliteit van die teologie nie. 'n Teologiese en pastorale identiteit word nie alleen gevorm deur die verdieping in die eie tradisie nie, maar ook in wisselwerking en praktiese konfrontasie met die anti-christelike en post-christelike elemente in die moderne wêreld.

Die huidige opleiding is, saam met die universiteit in sy totaliteit, gevang in 'n statiese didaktiek.

(b) **Aksente in die nuwe opleidingsbeplanning**

Meerdere klem op die Amptelike of Praktiese Teologie

Die meerdere klem op die Amptelike of Praktiese teologie: dit hang saam met die aksent op die funksionaliteit van die Teologie, waardeur die Praktiese Teologie as toegepaste teologie, in volle fokus kom.

Die aksent van beroepsleiding.

Hierdie aksent devalueer die noodsaaklikheid van wetenskaplike vorming hoegenaamd nie. Die algemene gevoel is egter dat hierdie teoretiese vorming te veel in 'n vakuum plaasvind en dat die gaping tussen teorie en praktyk te groot is. Die noodsaaklike vakke moet dus ook meer beroepsgerig wees en andere vakke en metodieke moet ingevoer word wat spesiaal gerig is op beroepsopleiding. Die kern van hierdie beroepsopleiding is die vorming van 'n pastorale „attitude"; die aankweek van 'n pastoraalkommunikatiewe sensitiwiteit en vaardigheid en die versterking van die pastorale identiteit en motivering — vir die

realisering van laasgenoemde word „social experience" as primêr gestel, d.w.s. dat die teologiese student vir tye moet inskakel by sekere woonbuurtes en arbeidsmilieus om deur ervaring hom te kan verplaas in die leefwêreld van die mense.

Die aksent van die integrasie van veral die pastorale psigologie, die sosiologie en godsdienspsigologie

Die motivering vir hierdie aksent is veral die volgende:

Die toegepaste teologie moet in die lig van en in die ruimte van die vertikale, tog meer horisontaal gerig word. Dit gaan om die oordrag, vormgewing, kanalisering en organisering van die Evangelie van die kerk, die enkeling en die wêreld in sy kontemporêre gestaltes. Daarom is die hulp van ander dissiplines wat lig werp op die mens en sy samelewing, van wesenlike belang.

Die aksent van ervaringsleer

Die kern is dat die intellektualistiese wyse van oordrag van informasie nie die effektiefste leerproses is nie. Wetenskap en praktyk moet gekoppel word, veral in beroepsopleiding. Hierdie aksent word gedra deur die metode wat in die V.S.A. sterk inslag gevind het — die sg. „learning by doing". In Nederland word op alle vlakke van onderrig sterk hiermee ge-eksperimenteer. Daar word gepraat van die krisis in die didaktiek en die oplossing word, globaal gesien, gesoek in 'n werkskollege i.p.v. die hoorkollege; in groepsleer i.p.v. individuele leer en in wetenskaplike refleksie in direkte verband met die praktiese situasie.

Die aksent van gespesialiseerde opleiding vir spesifieke pastorale rigtings

Alhoewel verskillende pastorale spesialismes uitgebrei word bv. pastorale werk in hospitale, in psigiatriese inrigtings, in fabrieke, onder die jeug, bejaardes ens., en alhoewel die beoogde nuwe gemeentestruktuur in sy kategoriale en funksionele groeperinge verdere spesialisme vereis, word tog beklemtoon dat die band met die geheel van die pastorale opdrag, in die spesialisme nié verlore moet gaan nie.

Die aksent van naskoling van pastores

By Teologie Fakulteit van die V.U. (Geref.); die Teologiese Skool van Kampen (Geref.); die Seminarie van die Hervormde kerk te Hydepark, Driebergen en 4 Seminaries van die Rooms Katolieke Kerk het die opdrag van voortdurend naskolingsprojekte vir diensdoende predikante aan te bied.

3. **Spesialisasie en spanwerk**

In die loop van die bevindinge is reeds genoeg hieroor opgemerk.

Die kerngedagte is dat pastores betrek word in interdissiplinêre werkgroepe enersyds terwille van inter-dissiplinêre vorming en andersyds terwille van kontak met mense wat in die klimaat van die pastorale arbeid beweeg. Hierdeur, so word beweer, kry die pastorale vaardigheid en identiteit meer gestalte.

Verder, so word gemeen, sal die pastor deur steeds meerdere spesialisme as vakman, alhoemeer erken word deur ander deskundiges op psigoterapeutiese vlak en betrek word in hulle terapeutiese programme. En so sal die religieuse aspek by 'n span van deskundiges, ook sy verdiende plek ontvang; en die funksionaliteit van die geloof binne die totaliteit van die mens en sy samelewing sal meer aandag ontvang. Hierdeur kan die pastor 'n bydrae lewer as teenvoeter teen die sekularisme.

C. PRAKTIESE VORMGEWING VAN DIÉ AKSENTE IN NEDERLAND

Op hierdie vlak word nog veel ge-eksperimenteer, alhoewel sommige van dié eksperimente al 5 jaar en ouer is.

Daarom word daar verskillende modelle aangebied. Hierdie modelle het wel dit in gemeen dat die pastoraalpsigologiese opleiding veral d.m.v. die werkkollege i.p.v. die hoorkollege aangebied word. Tog word „hoorkolleges" ook wel aangebied, veral by teologiese studente. Die „hoorkollege" en „werkkollege" word egter alhoemeer met mekaar geïntegreer.

Die gemeenskaplike en treffende van hierdie verskillende modelle word soos volg opgesom.

(a) **Die pastorale vorming van teologiese studente**

Die pastorale vorming word alleen beskrywe. Opmerklik dat die vorming in die Kategese en Homelitiek ook volgens hierdie metodes gedoen word.

Die verskillende fases kan soos volg opgesom word:

(i) **Lesingreekse** oor die verskillende vakke van die Praktiese Teologie, versprei oor die duur van die opleiding en aangebied volgens die metode van die lyn van die praktyk na die teorie.

(ii) **Oriënteringslesings,** ook volgens bogenoemde metode in die Pastorale Psigologie, Godsdienspsigologie, Kerklike Sosiologie en Psigiatrie.

(iii) Verdeling van die studente in verskillende werkgroepe (5-8 persone) met die volgende agenda: **Aanvanklik oriënteringsbesoeke** af te lê in psigiatriese inrigtings, hospitale, bejaarde tehuise, industrieë ens. Daarvan moet hulle verslae opstel wat saam met die dosent bespreek word. Die gedagte hier is dat die „klimaat" en problematiek van verskillende moontlike pastorale situasies verken word.

Daarna kom die volgende element wat die Hollanders **„gesprekstraining"** noem. Die patroon hier is die volgende: 'n program van besoeke word volgens 'n rooster gereël vir elke student òf in hospitale òf in gemeentes. **Verbatimverslae** van dié besoeke word opgestel en in en deur die groep geanaliseer, onder leiding van 'n „superviser" en ander vakkundiges. Aan die hand van die verbatimanalises word dan informasie verskaf oor bv. psigologiese dinamika en agtergronde wat in die spesifieke verbatim 'n rol speel. Benewens die verbatimanalises word ook in die werkkolleges van die groep **gevalle-analises** gedoen en **rollespel** beoefen. Hierdie drie metodieke, verbatimanalises, gevalle-analises en rollespel is daarop ingestel om die student gespreksoefening te gee, sensitiwiteit vir die gesprek en vir die ander te laat ontwikkel, selfinsig te bevorder en sy eie gedragspatrone wat blokkades in die gesprek veroorsaak en om aan die hand van werklike situasies psigologiese en ander informasie te gee.

Groepsgesprekke en die psigiese dinamika wat in 'n groepsproses ontwikkel, word ook as 'n leermetode gebruik, alhoewel daar reserwes is vir hierdie metode by studente vanweë die feit dat hulle moeilik vir 'n periode van 3-6 weke afgesonder kan word as groep, in wat genoem word 'n „eilandsituasie" en vanweë hulle kwesbaarheid as adolessente.

Tog word die groepsproses as leersituasie met reserwes gebruik. Daar word verder hiermee ge-eksperimenteer.

Op grond van resultate van die leerpsigologie word kategories gestel dat d.m.v. hierdie metodieke, wat gegrond is in die beginsel van „learning by doing" die pastorale kundigheid aansienlik verhoog word, die insig in die pastorale psigologie aansienlik en doeltreffend uitgebrei word en die motivering vir die pastoraat aansienlik verdiep word.

(iv) Na aflegging van die kandidaadeksamen (ons Th. B.) word daar vir 4 maande sg. „stage" gedoen. Dit betegen dat studente na 'n gemeente gestuur word, onder leiding van die plaaslike predikant (mentor), vir praktiese werk oor die hele linie van die predikantsbediening. Voltydse „supervisore" werk ook mee aan die 4 maande deur veral verskillende verbatimverslae saam met die student te analiseer, preke en katkisasieklasse te analiseer ens. In die Gereformeerde kerke, bv. is 2 predikante vir hierdie supervisie tydens die stages, voltyds afgesonder. Daar word allerweë gevoel dat hierdie „stages" alhoemeer ingebou moet word in die opleiding self bv. d.m.v. vakansiewerk of 'n reëling dat bv. een aand elke twee weke praktiese werk in 'n gemeente gedoen moet word.

(b) **Die pastorale naskoling van diensdoende predikante**

As uitgangspunt geld ook hier: **leer deur ervaring.**

Die volgende modelle word op hierdie uitgangspunt gebou:

(i) **Die kort-kursus model.**

Hierdie kursus duur van één tot twee weke en is afgestem op 'n spesifieke pastorale situasie bv. die siekepastoraat, bejaarde pastoraat ens.

Afgesien van formele lesings word ook veel tyd bestee aan verbatimanalises, groepsgesprekke en rollespel. Die deelnemers is òf intern en voltyds in 'n „eilandsituasie", d.w.s. afsondering van daaglikse werk, woning en gesin òf minder betrek in 'n groepsproses.

(ii) **Die tweejaar — deeltydse model.**

Hiervan twee voorbeelde:

Die Universiteit van Utrecht se Dept. Praktiese Teologie bied 'n kursus van 2 jaar aan teen 1½ dag per twee weke. Die groep wat nie meer as 40 mag wees nie, word verdeel in subgroepe van plus minus 10 met 'n deskundige leier vir elke groep. Die Pastoraal-Instituut van die Rooms Katolieke Kerk van Amsterdam bied ook 'n kursus van 2 jaar aan teen 1 aand per week en in 'n siklus van 5 weke 'n volledige interne week.

(iii) **Die sesweke model**

Dit is 'n interne en voltydse kursus waarby praktiese werk in 'n hospitaal of psigiatriese siekehuis ingeskakel is.

(iv) **Die driemaande model**

Ook dit is 'n voltydse en interne kursus in noue aansluiting by 'n hospitaal of psigiatriese inrigting.

In verband met die pastorale naskoling moet die volgende onderstreep word:

Die grondmateriaal waarmee al die kursusse werk is gespreksanalises op grond van verbatimverslae van die deelnemers. Kolleges en rollespel is aanvullend.

Die groepsproses as leersituasie word gedeeltelik geïmplimenteer in model (i) en (ii) terwyl die klem van die groepsproses swaarder is by model (iii) en die hoofaksent kry model (iv).

Bogenoemde twee feite hou verband met die swaar aksent op die leer vanuit die praktyk en vanuit die groepsdinamiek wat in die leerproses op gang kom. Die konvensionele naskolingsbyeenkoms van 23 of 3 dae word derhalwe van weinig waarde geag.

Die klem van meer op die vorming van die regte pastorale attitude (houding) as op meganiese vaardigheidsvorming.

Die interkerklike aanpak van die pastorale naskoling. Rooms Katoliek en verskillende Protestantse kerkformasies word met opset in dieselfde kursusse betrek. Afgesien van 'n ekumeniese bewustheid word hierdie wyse van doen gemotiveer met dié argument dat die pastorale problematiek in die kontemporêre konteks by pastores van alle kerkgroepe identies is en dat die verskillende kerklike aksente vrugbaar is vir die teenspel in die groepsproses wat as leersituasie geïmplimenteer word.

Die pastores kry vir sommige van die langere naskolingskursusse 'n getuigskrif vir suksesvolle voltooiing van die kursus. Ondersoek word ingestel om erkenning van die langere kursusse as grondslag vir gevorderde akademiese studie aan die Teologiese fakulteite.

Een voorbeeld van die inrigting van dié naskolingskursusse:

Die Pastoraal Kliniese Vorming van 6 weke by die Militêre Hospitaal te Utrecht o.l.v. Aalmoesenier H. C. de Graaf.

Dit word 2 maal per jaar aangebied.

Die groep bestaan uit 8 persone. Elk ontvang plus minus 24 pasiënte.

Die program is die volgende: Een uur groepsbespreking per dag; 3 uur verbatimanalises per dag (ongeveer 10 verbatims per week word geanaliseer plus teoretiese verheldering); praktiese pastoraat by pasiënte vir ongeveer 6 uur per week; 4 uur per week kollege in die pastorale teologie en psigosomatiek; 2 uur per week die herkou (feadback) van die groepsproses onder leiding van 'n groepsdinamikus; persoonlike supervisie op grond van die waarneming van die supervisor van elke individuele deelnemer:

(v) **Die opleiding van supervisore**

Die groot knelpunt vir die deurbraak van hierdie pastorale vorming is die gebrek aan supervisore. Aanvanklik het die opleiding geskied te Topeka in die V.S.A .Terwille van selfstandigheid en eie vormgewing van die werk word supervisore op die oomblik by 4 sentra in Nederland opgelei t.w. Nijmegen, Amersfoort, Heilo en Wught. Die opleiding duur 6 maande, waarvan 3 maande die gewone klinies pastorale opleiding is.

D. KRITIESE WAARDERING VAN DIE K.P.V.

Daar is o.a. 5 kernmotiewe agter die hele K.P.V. beweging:

Die aktualiteitsmotief w.o. ek verstaan die besef dat die kerk en die pastor nié vreemd kan staan teenoor die grondverskuiwinge van die maatskappy en die lewensgevoel wat in die naderne tyd navore tree nie. Die kerk moet paraat wees om doeltreffend te

funksioneer en mag nie in blote negatiwisme, tradisionalisme en verouderde skematisme gevang word t.o.v. die moderne lewe nie. Dit is die taak van die kerk om funksioneel te wees en krities-ondersoekend sy tydsbepaalde denkskemas oor die pastoraat op die agenda te plaas met 'n openheid vir reoriëntasie in die pastorale bediening — 'n reoriëntasie wat so aansluit by die moderne problematiek dat die dialoog tussen God en die moderne mens, ook via kerk en pastoraat, weer dinamiese gestalte kan kry.

Hierdie motief wil ek positief evalueer. Dit is teologies verantwoord en gewoon realisties. Dit openbaar 'n diepe verantwoordelikheidsbesef.

Solank hierdie motief nie deur reaksionisme gedra word nie, maar deur 'n ewewigtige oordeel, ook oor die verlede en die hede, is dit as positief aan te merk.

Die herstruktureringsmotief. Die K.P.V. is 'n onderdeel van die hele „beweging" van nuwe strukture vir die pastorale opleiding en pastorale bediening. In samehang hiermee gaan dit ook om nuwe strukture vir die kerk. Die herstrukturering van die gemeente is op dié stadium te eksperimenteel om daaroor 'n juiste oordeel te vorm, terwyl die herstrukturering van die pastorale opleiding en pastorale bediening duideliker navore tree.

Ek wil my van harte vereenselwig met die volgende aksente:

Die kritiek teen die ou patroon van opleiding.

Die verdere uitbouing van die Praktiese Teologie.

Die sterker fokus op die beroepsopleiding van pastores.

Die uitbouing van die pastorale identiteit en spesialisme.

Die naskoling van diensdoende predikante.

Dit spreek vanself dat die herstrukturering aangepas sal moet word na die omstandighede van elke land en kerk.

Die integrasiemotief

Hieronder word verstaan enersyds die integrasie van die pastor in interdissiplinêre werksgroepe en andersyds die integrasie van die pastorale skoling en pastorale funksionering met die sg. menswetenskappe w.o. veral die Psigologie en Sosiologie.

Ook hierdie motief en die gestaltegewing daarvan wil die ondersoeker besonder positief evalueer.

Die volgende **reserwes** word egter duidelik onderstreep: Ten eerste die onkritiese oorname van psigologiese stellinge en die integrering daarvan in die pastoraat, want die Psigologie is ook ingebed in sy wêreldbeskoulike agtergronde wat dikwels Bybelvreemd is.

Die tweede reserwe is dat die pastoraat nie ver-psigologiseer moet word nie. Dit bly onderdeel van die Teologie en teologie in funksie. Die grens tussen pastoraal en psigoterapie moet duidelik afgebaken word en die pastorale identiteit moet deur die psigologiese integrering gedien word en nie vervaag word nie.

Die ervaringsleermotief

Die K.P.V. hanteer 'n leermiddel wat allerweë aanvaar word in die psigologiese- en pedagogiese literatuur as 'n doeltreffende model.

Die teologiese motief

Die K.P.V. meen dat dié tipe opleiding teologies verantwoord is — sterker nog, dat dit juis insny na die teologiese diepte van die pastoraat.

Die vermoede bestaan dat die motiewe van die moderne teologie en filosofie tog, wetend of onwetend, in Nederland meespreek in die K.P.V. Motiewe soos, ontmitologisering van die Skrif; devaluering van die openbaringsgesag van die Skrif; medemenslikheid wat teologie afbuig na antropologie; verwerping van die metafisika; versubjektivering van die waarheid; permissiwiteit en verswakking van gesag as paternalisme sonder meer ens.

E. VOORSTELLE VIR SUID-AFRIKA

1. Die noodsaaklikheid van die **uitbouing van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika** wat personeel en leergange betref, terwille van die vormgewing van die funksionaliteit van die pastor en die kerklike instituut in 'n moderne wêreld.

2. Die noodsaaklikheid van die **herstrukturering van die teologiese opleiding** w.o. naas die teoretiese wetenskapsopleiding meerdere plek ingeruim word vir beroepsopleiding en doeltreffende metodes daarvoor beplan word.

3. Die noodsaaklikheid van die **uitbouing van die pastorale psigologie** en die doeltreffende integrering daarvan met die pastorale opleiding.

4. Die noodsaaklikheid van strukturering van **naskolingskursusse** vir diensdoende predikante in die pastoraat.

5. Die **konsekwensies van en ontwerp vir 'n K.P.V. in Suid-Afrika** w.o. die wenslikheid van interkerklike samewerking, die opleiding van supervisore, die modelle vir teologiese studente en diensdoende predikante ens.

In dié verband kan ook oorweging geskenk word en weë beraam word om Dr. H. Faber en/of Dr. W. Zylstra uit te nooi om die leiding te neem by 'n eerste opleidingskursus, terwyl hulle ook in dié verband verskillende voordragte kan lewer.

6. Die **stimulering en inisiering van interdissiplinêre werkgroepe** in die praktyk en op universitêre vlak met die volgende oogmerke nl. dat die pastor in samewerking met die psigoloog, sosioloog, pedagoog, psigiater, maatskaplike werker ens., verryk, verdiep en gemotiveer word in sy pastorale identiteit en pastorale bediening en dat andersyds die verskillende professies rondom die mens verryk en verdiep sal word vanuit die pastorale perspektief op die mens en menslike problematiek.

Hierdie agenda sou tuishoort op die tafel van die Teologiese en Psigologiese Departemente van ons Universiteite; die kerklike deputate belas met teologiese opleiding; die kerklike vergaderings en die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir die Praktiese Teologie. Die prosedure om die agenda op die tafel van die verskillende instansies te kry, blyk uit ervaring nie 'n eenvoudige saak te wees nie. Dit sal seker oorgelaat moet word aan die persoonlike inisiatief van die betrokkenes.